Mev. Shirley Baker wens mnr. Etienne Bruwer geluk wat die Des Baker-toekenning ontvang het vir sy eerste plek in die kategorie stadsentrums. Mnr. H.L. Fish (links), voorsitter van die Kaaplandse Provinsiale Instituut vir Argitekte en mnr. Andre van der Colff, streekdirekteur van Murray & Roberts, kyk toe

Argitektuurtoekennings

'n Halfkonvensionele lineêre uitleg vir 'n nuwe woonstelstad in Kaapland, wat voorsiening maak vir groter buigsaamheid en vir natuurlike eerder as onbuigbare beplande groei, het aan mnr. Etienne Bruwer van die Universiteit van Kaapstad 'n goue medalje besorg vir stadsontwerp in die kompetisie om die Des Baker-argitektuurtoekenning.

Prof. Ivor Prinsloo, direkteur van die argitekskool aan die Universiteit van Kaapstad en saamroeper van die weeklange geleentheid, meen dat die toekennings ondergeskik is aan die vrye toevloei van idees en boustyle. Elke argitektuurskool het 'n bepaalde streekkarakter en die kompetisie bied 'n geleentheid vir die uitruil van idees.

Meer as 200 studente van vyf van die ses argitektuurskole het aan die kompetisie deelgeneem waarvoor hulle 'n gemeenskaps/stadsentrum vir 50 000 mense moes ontwerp of die behuising vir so 'n projek.

Die goue medalje in die behuisingskategorie het gegaan aan mnr. Dewar van Antwerpen van die Universiteit van Port Elizabeth wat verskeie aanvullende huise en woonstelgeboue ontwerp het vir 'n nuwe deel van Bethelsdorp naby Port Elizabeth.

Die tweede prys in albei kategorieë het gegaan aan die Universiteit van Natal wat hom toegespits het op eenvoudige kernhuise in die Ulundi-gebied in KwaZulu.

Die Des Baker-toekennings — vernoem na 'n vorige voorsitter van Murray & Roberts wat die kompetisie borg — word jaarliks gedoen. Die Universiteit van die Witwatersrand sal die geleentheid in 1984 aanbied.

Bo: Mnr. Lennard Rosenberg van die Universiteit van Natal wat die tweede prys gewen het vir sy stadsentrum vir Ulundi, die hoofstad van KwaZulu

Onder: Deel van die ekonomiese behuising soos voorgestel deur mnr. Dewar van Antwerpen van die Universiteit van Port Elizabeth. Sy ontwerp was een van twee algehele wenners in die kompetisie



Uitgewer: Departement van Buitelandse Sake en Inligting, Privaatsak X152, 0001 Pretoria
Vir die Staatsdrukker, Pretoria deur Spectrum Offset, Trumpstraat 29, Selby, Johannesburg gedruk. Kopiereg voorbehou.